

NPO: 001-597
PBO:
130001311

Posbus 13383
HATFIELD
0028

T: 012-362 0660
E: toibo@imaginet.co.za



Geagte Dominee

Verlede maand het ons gefokus op ons hoofprojek, Projek Sonskyn. Hierdie maand vertel ons u van die kleiner projekte wat 'n groot verskil maak in kinders se lewens.

Projek Warmlyfie - Die winter maak 'n mens weer opnuut bewus van mense se swaarkry. Ons moes ons die afgelope maand dringend vir kinders warm trui en windjekkers aanskaf. Met behulp van 'n skenking van Mr Price Foundation kon ons 35 kinders se lyfies warm maak. Ongelukkig is daar is daar nog soveel wat smag na iets warmes.

Oom Dirk Nel (87), van wie ons u in verlede maande se nuusbrief vertel het, het heerlike warm trui gestuur. Mev Lizzie Pretorius het dit namens hom aan ons oorhandig. Ons is groot dank verskuldig aan oom Dirk en Mr Price.



Projek Volmagie - Met hierdie projek ondersteun ons die skole se voedingskemas. Elke dag kry kinders wat honger skool toe gaan, iets om te eet. Skenkings van nie-bederfbare voedsel is noodsaaklik om hierdie projek volhoubaar te maak.

Projek Waardigheid - Baie van die kinders in die koshuise het nie toiletware nie. Weer eens is ons afhanklik van skenkings.

Projek Skoolskoen - Sedert die begin van hierdie projek het 133 kinders nuwe skooskoene ontvang. Ons gaan voort met die projek soos wat die behoefte ontstaan.

Projek Prinses - Hierdie projek ondersteun matriekdogters wat nie oor die nodige fondse beskik om hul matriekafskied by te woon nie. Verlede jaar is groot skenkings van matriekafskiedrokke ontvang. Vanjaar gaan ons weer twee dogters borg.

Ander - Daar is met die fondse wat die susters van die Gereformeerde Kerk Pretoria-Brooklyn tydens die GKSA se sustersaamtrek ingesamel het, 'n brailleur aangekoop vir Prinshofskool. Tydens 'n besoek aan die skool het die dames die brailleur aan een van die adjunkhoofde oorhandig. Hulle het ook een van die klasse besoek.

Al hierdie projekte is uiters belangrik om te verseker dat kinders hul menswaardigheid te alle tye behou.

NB! Op **7 September** vier ons landswyd Loslitdag. Sondag **9 September** is Nasionale Biddag vir Dowes. Kan ons vra dat u asseblief die volgende twee maande gebruik om bewusmaking te skep vir kinders met gestremdhede? Gebruik die skakel na die bemerkingsvideo en wys die video aan u gemeente. Wil u dit nie oorweeg om 'n spesiale deurkolkette te skeduleer vir die werk van TOIBO en haar skole nie?

Tot ons weer gesels

Arina Jooste

ARINA JOOSTE
UITVOERENDE BEAMPTE

DS FRANCOIS ESTERHUIZEN
VOORSITTER

Transoranje Instituut
ABSA
Reknr: 020-840-145

